Lêer verw/ File ref: 15/3/6-9/Erf_4131, 4128
15/3/12-9/Erf_4131, 4128

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

16 Maart 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/Dame

**AANSOEK OM ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN ERWE 4218 & 4131, MOORREESBURG**

U aansoek met verwysing 273~4128-Mrb, gedateer 22 Februarie 2021, namens Southern Oil Pty Ltd, het betrekking.

**A** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om onderverdeling van Erf 4128, Moorreesburg ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) Erf 4128, Moorreesburg word onderverdeel in die restant (groot 2918m²) en gedeelte A (groot 1969m²), soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) Die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 38 van die Verordening magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

**2. WATER**

(a) Elke erf voorsien word van 'n aparte wateraansluiting;
(b) Geen afvoer- en waterpype tussen die erwe na onderverdeling en konsolidasie gedeel word;
(c) Elke erf afsonderlik hul afvoer- en waterpype na onderverdeling op perseel hanteer.

**3. RIOOL**

(a) Elke erf voorsien word van 'n aparte rioolaansluiting;

**B** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder; Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek vir die konsolidasie van gedeelte A (groot 1969m²) van erf 4128 met erf 4131, Moorreesburg ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaarde:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**


a) Gedeelte A (groot 1969m²) van erf 4128 word konsolideer met erf 4131 ten einde 'n nuutgeskepte erf (groot 9033m²) te vorm.

Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Alle voorwaardes van goedkeuring nagekom word, alvorens uitklaring vir die nuutgeskepte erf gegee word. Indien die nakoming van voorwaardes nie binne die tydperk van 5 jaar geskied nie, sal die goedkeuring verval.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste
AJB/ds


*Afskrif : Die Landmeter-Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000*
*Direkteur : Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur: Elektiese Ingenieursdientes*
*Direkteur : Finansiële Dienste*
*Southern Oil Pty Ltd, Posbus 707, Swellendam, 6740*




| | |
|---|---|
| Project: Erf 4131, Moorreesburg | Notes: |
| Title: Onderverdelingsplan | Date: 19/02/2021 |
| Owner: Southern Oil | Reference: K~4131-Mrb |

NORTH

PLANSCAPE
Tel: 022 4334408
planscape@telkomsa.net




| | |
|---|---|
| Project: | Erf 4131, Moorreesburg |
| Title: | Konsolidasieplan |
| Owner: | Southern Oil |

NORTH

| | |
|---|---|
| Notes: | |
| Date: | 19/02/2021 |
| Reference: | K~4131-Mrb |

PLANSCAPE
Tel: 022 4334408
planscape@telkomsa.net